Koronavirus-GKSA

Moenie dat die koronavirus veroorsaak dat jy van jou geloofsgemeenskap afgesny word nie.

Die GKSA, in samewerking met die NHKA, het Christelike videos geskep wat sal help dat ons as gelowiges nie kontak verloor tydens hierdie tydperk van self-isolasie nie.

Die video's sluit in:

- Dagboodskappe & Bybelse Intellektue Toepassingsgesprekke;
- Eredienste & Dieptebesprekings;
- 'n Groot aantal Bybelverhale vir Kleuters en Kinders;
- Aktuele programme vir tieners en jongmense;
- Ware vertelings wat hoop gee.

Binnekort:

- 'n Uitgebreide Katkisasieprogram;
- Verskeie eredienste wat lofsang insluit.

Toegang tot ons videos gaan na:

www.glomedia.tv

"Teken in regs bo in die hoek" -

Ons is tans besig om nog 'n paar stelsel-uitdagings uit te stryk. Indien jy enige probleme met die intekenproses ondervind, e-pos gerus jou kontakbesonderhede na **navrae@glomedia.tv** en een van ons bekwame assistente sal jou bystaan.

Toegang is slegs R49 per maand per gesin.



KOLLEKTES . BYDRAES = SNAPSCAN

Baie dankie vir almal se volgehoue bydraes en kollektes. Onthou asseblief die verwysings, veral in die Kerkkas se

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Kerkkas.

Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

26 April 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK B***
Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid** { Sien betalingsopsies }
Kollekte by DEURE: **KERKKAS**

MEELEWING

- Alida le Roux (0732890100) het haar vinger ernstig beseer en het 'n operasie ondergaan om die vinger te probeer red.
- Ons dink ook steeds aan Freda Redelinghuys (0826595523) se ma wat 'n operasie moet ondergaan.
- So ook aan Elna Kriel (0823588432), wie se suster breinkanker het.
- Nic van der Walt (0824864026) het Donderdag gegaan vir 'n procedure in Johannesburg.

Tema:

God regeer my deur gesagsdraers, en daarom onderwerp ek my aan hulle.

Woordbediening

Ef. 6:1-4 & Rom. 13:1-7 (83 AV)

Fokus: Ef. 6:1 & Rom. 13:1 (83 AV)

Ef 6:1: ***Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.***

Rom 13:1: ***Elke mens moet hom onderwerp aan owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.***

Inleiding:

1. Ons lewe in tye waar daar in baie gevalle nie meer gesag is nie.
2. Omdat mense nie meer gesag aanvaar nie.
3. Omdat mense wat gesag moet uitoefen nie hulle werk doen nie.
4. Diepste rede: Omdat baie mense ongelowig is, en ongehoorsaam aan God geword het.

A: Wie moet ons gehoorsaam volgens die Bybel?

1. Kinders moet hulle ouers gehoorsaam. (Ef. 6:1)
2. Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede / gesagdraers oor hom. (Rom. 13:1)
3. Respek vir gesag word geleer in die ouerhuis.

B: Ons verantwoordelikhede ten opsigte van dié wat oor ons is.

1. Ons moet aan almal wat oor ons gestel is alle eer, liefde en trou
2. bewys. (HK Sondag 39, Eks. 20:12, Rom. 13:7, Matt. 22:37-40)
3. Ons moet hulle gehoorsaam. (HK Sondag 39, Ef. 6:1, Rom. 13;1)
4. Ons moet geduld hê met hulle gebreke. (HK Sondag 39, 1 Pet. 2:18)
5. Ons moet vir hulle bid. (1 Tim. 2:1-2)

C: Die verantwoordelikhede van elkeen wat gesag uitoefen.

1. Goeie leer. (HK Sondag 39)
2. Tug of straf. (HK Sondag 39, Ef. 6:4, Rom. 13:4)
3. Die maniere hoe om te tugtig. (Ef. 6:4)

D: Waarom moet ons gehoorsaam wees aan gesag?

1. Alle gesag kom van God en die owerhede is daar deur die beskikking van God. (Rom. 13:1)
2. Wie hom teen Gesag verset, kom in opstand teen die verordening van God. (Rom. 13:2)
3. Indien jy sonder vrees wil leef. (Rom. 13:3)
4. Die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. (Rom. 13:4)
5. Indien Christus jou deur sy Woord en Gees regeer, word dit ook 'n gewetensaak. (Rom. 13:5)

E: God se belofte by die vyfde gebod.

1. "Sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde." (Ef. 6:2-3)
2. Ons sien dit dikwels in die praktyk.

E: Gesag is nie sonder grense nie.

1. Gesagdraers moet gesag uitoefen binne die grense van God se Woord of die grense van die landswette.
2. Ons moet ook gehoorsaam wees aan gesagdraers, tot op die punt waar hulle van ons iets verwag wat ongehoorsaam is aan God se Woord. (Hand. 5:29).

VERJAARSDAE

Verjaar	Noemnaam	Van	Lidmaatstatus	Landlyn	Selfoon
04/27	Therese	Human	Belydend		0727454554
04/30	Ben	Thirion	Belydend	0169763156	828182686
05/01	Neville	Krummeck	Belydend	0829720988	